Hoërskool Grens
Beleidsdokument ten opsigte van die toekenning van kleure- en eretoekennings soos vanaf Januarie 2012

Hierdie dokument herroep enige vorige kriteria of beleid ten opsigte van die toekenning van erekleure soos tot Desember 2011 gevolg.

1. INLEIDING

Erkenning van prestasie is ’n basiese behoefte by enige leerder en dit is die skool se verantwoordelikheid om toe te sien dat die erkenning van prestasies regverdig en opvoedkundig geskied. Die toekenning van kleure- en ere-toekennings moenie net erkenning aan die presteerder gee nie, maar dit behoort as aansporing vir ander leerders te dien.

2. OORKOEPELENDE KRITERIA

Die skool gee oor die algemeen slegs erkenning aan die leerders wat presteer in kulturele aktiwiteite en sportsoorte wat deur die skool aangebied word. Slegs in buitengewone omstandighede soos hier onder bepaal, word erkenning aan prestasies in buite-skoolsportsoorte gegee.

Die volgende sportsoorte word as skoolsportsoorte erken:

- Atletiek
- Netbal
- Tennis
- Rugby
- Krieket (seuns en meisies)
- Swem
- Muurbal
- Tweekamp
- Biathle
- Landloop
- Hokkie
- Skaak
- Gholf

Die volgende kulturele aktiwiteite word deur die skool as skoolaktiwiteite erken:

* ATKV Tienertoneel
* Marimbas
* Voortrekkers
* Interact
* ATKV Redenaars
* Musiek
* VCSV
* Noodhulp

3. STRUKTUUR

Toekenning	Junior	Senior
Merietesertifikaat	Merietesertifikaat. Geen sigbare tekens op skooldrag nie.	Merietesertifikaat. Geen sigbare tekens op skooldrag nie.
Halfkleure	Lourierwapen en aansteek - balkie	Lourierwapen en aansteek - balkie
Volkleure	Lourierwapen en aanwerk-balkie onder wapen	Lourierwapen, goue koord en aanwerkbalkie onder wapen.
Eretoekenning		Wit geleentheidsbaadjie. Goue lourierwapen, goue koord en aanwerkbalkie onder wapen op blou baadjie.

KRITERIA WAT VIR BOSTAANDE TOEKENNINGS GEBRUIK WORD:

4. AKADEMIE

4.1. Graad 8 en 9

80% Promosie roupunt	Merietesertifikaat
85% Promosie roupunt	Halfkleure

4.2. Graad 10

75% Promosie roupunt	Halfkleure
80% Promosie roupunt	Volkleure

4.3. Graad 11 & 12

75% Promosie roupunt	Volkleure

4.4 Graad 10,11 & 12

85% Promosie roupunt (Met Wiskunde; met Eng. HL) 86% Promosie roupunt (Met Wiskunde; met Eng. FAL) 87% Promosie roupunt (Met Wiskunde Geletterdheid en English Home Language) 88% Promosie roupunt (Met Wiskunde Geletterdheid en English First Additional Language)	Eretoekenning

5. SPORT

5.1 SKOOLSPORT – SENIORS (O.16 EN OUER)

Provinsiale kleure en deelname	Volkleure
Leerders wat Provinsiale kleure verwerf, maar nie kan deelneem nie as gevolg van besering of trauma	Halfkleure
SA kleure en deelname	Eretoekenning
Leerders wat SA kleure verwerf, maar nie kan deelneem nie as gevolg van besering of trauma	Volkleure
1ste, 2de of 3de by SA Kampioenskaps-byeenkoms	Eretoekenning
1ste, 2de of 3de posisie op SA ranglys	Eretoekenning
1ste, 2de of 3de by Internasionale Kampioenskapsbyeenkoms	Eretoekenning

5.2 SKOOLSPORT – JUNIORS (o.14 EN o.15)

Provinsiale kleure en deelname	Halfkleure
Leerders wat Provinsiale kleure verwerf, maar nie kan deelneem nie as gevolg van besering of trauma	Merietesertifikaat
SA kleure en deelname	Volkleure
Leerders wat SA kleure verwerf, maar nie kan deelneem nie as gevolg van besering of trauma	Halfkleure
1ste, 2de of 3de by SA Kampioenskaps-byeenkoms	Volkleure
1ste, 2de of 3de posisie op SA ranglys	Volkleure
1ste, 2de of 3de by Internasionale Kampioenskapsbyeenkoms	Volkleure

Let op die volgende:

SWEM: Ere- en halfkleure word op grond van swemtye gedoen. ‘n Leerder moet twee keer in ‘n seisoen die kwalifiserende tye swem. Tye is by mev. Scheün beskikbaar.

BIATHLE / TWEEKAMP: Toekennings word slegs vir provinsiale kleure en deelname aan die SA Kampioenskapsbyeenkoms gemaak.

ATLETIEK	Junior	Senior
Amathole-span	Merietesertifikaat	Halfkleure
Deelname aan Nasionale kampioenskapsbyeenkoms	Halfkleure	Volkleure

5.3 BUITESKOOLSPORT – SENIOR (o.16 EN OUER)

Prestasie by "*World Tours*", "*SA Games*" en "*Africa Games*" of enige SA Ontwikkelings-byeenkoms	Geen toekenning nie
SA kleure en deelname of 1ste, 2de of 3de by Nasionale Kampioenskapsbyeenkoms	Volkleure kan deur die kleure-komitee toegeken word. Hierdie sal egter gedoen word in die lig van die vlak van deelname, aantal deelnemers en die interne kriteria van die dissipline of organisasie.
1ste, 2de of 3de by Internasionale Kampioenskapsbyeenkoms	Eretoekenning kan deur die kleure-komitee toegeken word. Hierdie sal egter gedoen word in die lig van die vlak van deelname, aantal deelnemers en die interne kriteria van die dissipline of organisasie.

5.4 BUITESKOOLSPORT – JUNIORS (o.14 EN o.15)

Prestasie by "*World Tours*", "*SA Games*" en "*Africa Games*" of enige SA Ontwikkelings-byeenkoms	Geen toekenning nie.
SA kleure en deelname of 1ste, 2de of 3de by Nasionale Kampioenskapsbyeenkoms	Halfkleure kan deur die kleure-komitee toegeken word. Hierdie sal egter gedoen word in die lig van die vlak van deelname, aantal deelnemers en die interne kriteria van die dissipline of organisasie.
1ste, 2de of 3de by Internasionale Kampioenskapsbyeenkoms	Volkleure kan deur die kleure-komitee toegeken word. Hierdie sal egter gedoen word in die lig van die vlak van deelname, aantal deelnemers en die interne kriteria van die dissipline of organisasie.

5.5 Halfkleure vir sport word op grond van die aangehegde puntestelsel toegeken. (Sien bylaag 1)

6. KULTUUR

6.1. ATKV TIENERTONEEL

Wenstuk, eerste of tweede ronde	Geen toekenning nie
Individuele silwer toekenning tydens eerste ronde	Volkleure
Deelname by tweede ronde (Aardklop)	Volkleure
Individuele toekenning bv. beste akteur, aktrise, ens. by Aardklop.	Eretoekenning
Leerders wat deel is van die Tienertoneel, maar nie tydens die tweede ronde kan deelneem nie as gevolg van besering of trauma	Halfkleure

6.2 ATKV REDENAARS

6.2.1 SENIORS (GRAAD 10 TO 12)

Deelname aan tweede ronde	Halfkleure
Leerders wat kwalifiseer vir die tweede ronde, maar nie kan deelneem tydens die tweede rondte nie as gevolg van besering of trauma	Merietetoekenning
Deelname aan Nasionaal	Volkleure
1ste, 2de of 3de by Nasionaal	Eretoekenning
Leerders wat kwalifiseer vir Nasionaal, maar nie kan deelneem nie as gevolg van besering of trauma	Halfkleure

6.2.2 JUNIORS (GRAAD 8 EN 9)

Deelname aan tweede ronde	Merietesertifikaat
Deelname aan Nasionaal	Halfkleure
1ste, 2de of 3de by Nasionaal	Volkleure
Leerders wat kwalifiseer vir Nasionaal, maar nie kan deelneem nie as gevolg van besering of trauma	Merietesertifikaat

6.3. MARIMBAS

Wen Nasionale Kompetisie	Volkleure

6.4. MUSIEK

Wenner van landswye kompetisie bepaal deur inbelstemme – geen ouderdomsbeperking nie	Volkleure
Wenner van Nasionale Musiekkompetisie waar uitdunrondes en beoordelaars betrokke is en waar die leerder in ’n junior ouderdomsgroep deelneem.	Volkleure
Wenner van Nasionale Musiekkompetisie waar uitdunrondes en beoordelaars betrokke is en waar die leerder in ‘n senior of ope-afdeling deelneem.	Eretoekenning
80% in Trinity eksamen op ‘n vlak gelykstaande aan graad V of 70% in Unisa of Royal Schools op ‘n vlak gelykstaande aan graad V. (Let wel: Matriekmusiekvlak is graad V, m.a.w. hierdie leerders is verder gevorderd as ‘n matriekleerder.)	Volkleure
Eksterne eksamenvlak van graad 6 (Trinity) of graad 5 (Royal Schools en Unisa) prakties behaal of ‘n teoretiese eksamen van Unisa graad 4 slaag.	Halfkleure

6.5 DRAMA

Slaag reeds in gr. 11 die gr. 12 eksterne drama-eksamen met lof.	Volkleure

6.6 VOORTREKKERS

Verkenner-toekenning	Volkleure
Provinsiale Leier	Volkleure

6.7 Halfkleure vir Kultuur word op grond van die aangehegde puntestelsel toegeken.
(Sien bylaag 2)

7. ALGEMENE BEPALINGS

7.1 Juniors wat volkleure hetsy vir sport, akademie en/of kultuur ontvang, mag wel tydens hul senior fase die lourierwapen, goue koord en aanwerkbalkie onder die wapen dra.

7.2 Leerders wat van ander skole kom, sal na voldoende bewys gelewer is van toekennings by hul vorige skool, ooreenstemmende erkenning verkry.

7.3 Alle koste verbonde aan die aanskaf van tekens of die verander van die skoolklere is die verantwoordelikheid van die ouers/voogde van die leerder.

7.4 Die leierspan behou die reg voor om in uitsonderlike gevalle op grond van meriete toekennings te maak.

7.5 Toekennings kan op grond van gedrag ook ontneem of weerhou word.

8. SLOT

"*Elke prestasie het begin met die voorneme om te probeer."*

Vincent van Gogh.

Ons as leerkragte aanvaar hiermee saam die verantwoordelikheid om te sorg dat elke leerder ten minste sal probeer, en wie weet, miskien behaal hy of sy die prestasie en kry hy of sy die erkenning wat hom of haar toekom.

BYLAAG 1
PUNTESTELSEL VIR SPORT

RUGBY:

1 PUNT	2 PUNTE	3 PUNTE
o.14 B, C….	o.14 A	o.16 BORDER OEFENGROEP
o.15 B, C….	o.15 A	o.19 BORDER OEFENGROEP
o.16 B, C….	o.16 A	o.19 BORDER AKADEMIE OEFENGROEP
o.19 B, C	o.19 A (Kan twee jaar agter mekaar kry)	

Halfkleure word verwerf indien ‘n totaal van 12 punte behaal word.

NETBAL:

1 PUNT	2 PUNTE	3 PUNTE
o.14 B, C….	o.14 A	o.15 BORDER (AMATHOLE) SPAN
o.15 B, C….	o.15 A	o.16 BORDER (AMATHOLE) SPAN
o.16 B, C….	o.16 A	o.17 BORDER (AMATHOLE) SPAN
o.19 B, C	o.19 A	o.19 BORDER (AMATHOLE) SPAN

Halfkleure word verwerf indien ‘n totaal van 16 punte behaal word.
Sou die provinsiale struktuur vanaf Oos-Kaap na Border verander, verander die puntetotaal vir halfkleure na 14.

HOKKIE:

1 PUNT	2 PUNTE	3 PUNTE
Beginners / Tweede span	Eerste span	o.16 BORDER OEFENGROEP
		o.19 BORDER OEFENGROEP

Halfkleure word verwerf indien ‘n totaal van 12 punte behaal word.

SEUNSKRIEKET:

1 PUNT	2 PUNTE	3 PUNTE
o.14 B, C….	o.14 A	o.15 BORDER OEFENGROEP
o.15 B, C….	o.15 A	o.17 BORDER OEFENGROEP
Tweede span	Eerste span	o.19 BORDER OEFENGROEP

Halfkleure word verwerf indien ‘n totaal van 14 punte behaal word.

MEISIEKRIEKET:

1 PUNT	2 PUNTE	3 PUNTE
Beginners/ Tweede span	Eeerste span	o.15 BORDER OEFENGROEP
		o.16 BORDER OEFENGROEP
		o.19 BORDER OEFENGROEP

Halfkleure word verwerf indien ‘n totaal van 14 punte behaal word.

TENNIS/MUURBAL:

1 PUNT	2 PUNTE	3 PUNTE
Beginners / Tweede span	Eeerste span	o.15 BORDER OEFENGROEP
		o.16 BORDER OEFENGROEP
		o.19 BORDER OEFENGROEP

Halfkleure word verwerf indien ‘n totaal van 14 punte behaal word.

BYLAAG 2

PUNTESTELSEL VIR KULTUUR

	1 punt	2 punte	3 punte
Sanggroep		Lid	
Marimba-orkes		Lid	
Eisteddfod	Solo/Ensemble	Recital	A++ of bekerwenner
Tienertoneel		Lid	
Xzibit		Lid	

Halfkleure vir Kultuur word verwerf as ‘n leerder ‘n totaal van 14 punte behaal.